

ST. TURIBIUS VAN MOGROVEJO

23 MAART

(1538-1606)



Gebore uit die Spaanse adel studeer hy regte aan die beroemde universiteit van Salamanca, waar hy ook as dosent klasgee. Koning Filip II stel hom aan as hoofregter in Granada. Hoewel hy nie 'n priester was nie besluit die koning om hom in 1580 aartsbiskop van Lima te maak in die destydse Spaanse kolonie van Peru. Hy word priester en toe biskop gewy en na Suid-Amerika gestuur. By sy aankoms vind hy die plaaslike kerk in 'n skandalige situasie; die swak morele lewe van die geestelikes en die Spaanse koloniste se uitbuiting van die plaaslike Indiaanse bevolking het daartoe gelei dat die verspreiding van die Evangelie geen vordering in sy reuse bisdom gemaak het nie. Onmiddellik het hy ingespring om deur sy voorbeeldige leefwyse, diep gebedslewe en sin vir regverdigheid die laksheid van die gelowiges om te keer. Hy tree op as kampvergter vir die regte van die plaaslike Indiane en stig orals skole, kerke, hospitale, asook die eerste seminarie vir priesteropleiding in die Nuwe Wêreld.